

D. BOEKE

A.P.B., Windroos, verhale deur tien sestigers,  
Afrikaanse Pers-boekhandel, 1964.

Antonissen, R., Die Afrikaanse letterkunde van die  
aanvang tot hede, Fretoria, Kaapstad:  
H.A.U.M., 1955 en Derde, hersiene uitgawe,  
Nasou Bpk., s.j.

Kern en tooi, kroniek van die Afrikaanse  
lettere 1951 - 1960, Kaapstad: Nasou, 1962.

Spitsberaad, kroniek van die Afrikaanse  
lettere 1961 - 1965, Kaapstad: Nasou, 1966.

Anderson, M., et al., A handbook of contemporary drama,  
Johannesburg: Pitman Publishing Co., S.A.,  
1972.

Barnard, C., Mahala, Kaapstad: Tafelberg, 1971

Barrett, W., Existentialisme, Utrecht/Antwerpen:  
Het Spectrum, Derde druk, 1971.

Beckett, S., Waiting for Godot, Second edition,  
London: Faber and Faber, 1971.

Bentley, E., The modern theatre, London: Robert  
Hale Ltd., 1948.

Bogard, T. and Oliver, W.I., (editor), Modern drama.  
Essays in criticism, London: Oxford, 1968.

Brink, A.P., Aspekte van die nuwe drama, Kaapstad:  
Academica, 1974.

Aspekte van die nuwe prosa, Fretoria en  
Kaapstad: Academica, s.j.

Lobola vir die lewe, Kaapstad: Human en  
Rousseau, 1962.

Orgie, Kaapstad: John Malherbe, 1965.

Brook, P., The empty space, London: Macgibbon and  
Kee, 1969.

Brooks, C. and Heilman, R.B., Understanding drama,  
New York: Holt, Rinehart and Winston, 1948.

- Camus, A., The outsider, translated by Stuart Gilbert, Penguin Books, 1972.
- Conradie, P.J., Hoe om 'n drama te ontleed, Pretoria en Kaapstad: Academica, 1970.
- Dawson, S.W., Drama and the dramatic, The critical idiom (General editor: John D. Jump), London: Methuen, 1970.
- Degenaar, J.J., Die wêreld van Albert Camus, Johannesburg: Afrikaanse Pers-boekhandel, 1966.
- Dekker, G., Afrikaanse literatuurgeskiedenis, Sesde om- en bygewerkte druk, Kaapstad, Bloemfontein, en Johannesburg: Nasionale Boekhandel, 1961.
- Drew, E., Discovering drama, Jonathan Cape, 1937.
- Eliot, T.S., Selected essays, Third, enlarged edition, London: Faber, MCMXXI.
- Esslin, M., The theatre of the absurd, Revised and enlarged edition, Penguin books, 1970.  
Brief chronicles, Essays on the modern theatre, London: Temple Smith, 1970.
- Fagan, H.A., Twee dramas. Die ouderling en Ousus, Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg: Nasionale Boekhandel Bpk., 1957.
- Fowle, W., Dionysus in Paris. A guide to contemporary French theatre, New York: Meridian Books Inc., 1960.
- Glicksberg, C.I., The ironic vision in modern literature, The Hague: Martinus Nijhoff, 1969.
- Grosskopf, J.F.W., As die tuig skawe, Stellenbosch en Bloemfontein: Die Nasionale Pers, Bpk., 1926.
- Grové, H., Die goeie jaar, Kaapstad, Bloemfontein en Johannesburg: Nasionale Boekhandel Bpk., 1962.  
(Eerste uitgawe 1958)
- Hinchliffe, A.P., The absurd, The critical idiom, (General editor: John D. Jump), London: Methuen, 1972.

- Ionesco, E., Three plays: Amédée, The new tenant, Victims of duty, translated by Donald Watson, New York: Grove Press, 1958.
- Kannemeyer, J.C., Opstelle oor die Afrikaanse drama, Kaapstad: Academica, 1970.
- Die stem in die literêre kunswerk, Kaapstad: Nasou Bpk., 1965.
- Krige, U., Die wit muur en ander eenbedrywe, Kaapstad: Unie-Volkspers Bpk., 1940.
- Leipoldt, C.L., Die heks, Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth: Nasionale Pers Bpk., 1949. (Eerste uitgawe 1923)
- Die laaste aanu, Kaapstad, Stellenbosch en Bloemfontein: Nasionale Pers Bpk., 1930.
- Lindenberg, E., (redakteur), Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde, Vierde, hersiene uitgawe, Kaapstad en Pretoria: Academica, 1973. (Gedeelte oor die drama deur A.J. Coetzee.)
- Louw, N.P. van Wyk, Germanicus, Kaapstad en Johannesburg: Tafelberg-uitgewers, 1970.
- Vernuwing in die prosa, Kaapstad: Human en Rousseau, 1961.
- Lumley, F., New trends in twentieth century drama, Second, revised edition, London: Barrie and Rockliff, 1967.
- MacQueen, J., Allgory, The critical idiom, (General editor: John D. Jump), London: Methuen, 1970.
- Nienaber, P.J., (samesteller), Perspektief en profiel, Derde, hersiene uitgawe, Johannesburg: Afrikaanse Pers-boekhandel, 1969.
- Opperman, D.J., Joernaal van Jorik, Kaapstad, Bloemfontein en Johannesburg: Nasionale Boekhandel Bpk., 1949.
- Periandros van Korinthe, Kaapstad, Bloemfontein en Johannesburg: Nasionale Boekhandel Bpk., 1969.

- Osborne, J., Look back in anger, London, Faber, MCMXL.
- Peacock, R., The art of drama, London: Routledge and Kegan Paul, 1957.
- Pinter, H., The caretaker, London: Methuen, 1971.  
The room and The dumb waiter, London: Methuen, 1971.
- Polley, J., (redakteur), Die sestigers, Kaapstad en Pretoria: Human en Rousseau, 1973.
- Pronko, L.C., Avant-garde: The experimental theatre in France, Berkeley and Los Angeles: University of California Press, 1964.
- Schonees, P.C., et al., Woordeboek van die Afrikaanse taal, Deel II, Pretoria: Die Staatsdrukker, 1955.
- Shipley, J.T., Dictionary of world literature, New Jersey; Littlefield, Adams and Co., 1964.
- Smit, B., Die man met die alibi, Johannesburg: Afrikaanse Pers-boekhandel, 1971.  
Moeder Hanna, Vierde druk, Johannesburg: Afrikaanse Pers-boekhandel, 1969.  
(Eerste uitgawe 1958.)  
Die verminktes, Kaapstad: Human en Rousseau, 1960.
- Stratford-upon-Avon-studies, Contemporary theatre, London: Edward Arnold, 1962.
- Tafelberg, Gesprekke met skrywers, Deel 1, 2 en 3, Kaapstad en Johannesburg: Tafelberg-uitgewers, 1971, 1972.
- Taylor, J.R., Anger and after, Penguin Books, 1963.
- Van der Kun, J.I.M., Handelingsaspekte in het drama, Tweede uitgawe, Amsterdam: Athenaeum-Polak en Van Gemep, 1970.
- Verhagen, B., Dramaturgie, Amsterdam: Moussaait, 1927.

Weightman, J., The concept of the avant-garde,  
Explorations in modernism, London:  
Alcove Press, 1973.

Worth, K.J., Revolutions in modern English Drama,  
London: G. Bell and Sons, 1972.

## OPSOMMING

Algemeen word aanvaar dat daar in die sestigerjare in die Afrikaanse prosa 'n ingrypende en omvangryke vernuwing plaasgevind het. Hierdie vernuwing is veral deur vier skrywers teweeggebring. Hulle is André P. Brink, Etienne Leroux, Chris Barnard en Dolf van Niekerk.

Drie van hierdie skrywers was ook vir vernuwing in die drama verantwoordelik: André P. Brink, Dolf van Niekerk en Chris Barnard. Behalwe die genoemde drie het ook Adam Small en Bartho Smit 'n betekenisvolle bydrae tot hierdie vernuwing gelewer.

In die prosa het die vernuwing veral op die volgende maniere plaasgevind: deur die aanpak van nuwe temas; 'n nuwe woordgebruik; nuwe maniere van bou en deur die opkoms van 'n nuwe wêreldbeskouing.

Die drama toon ooreenkomste met sommige van hierdie vernuwingstendense, maar dit is veral op twee van die vier maniere wat die mees ingrypende vernuwing plaasgevind het. Die drama het veral ten opsigte van aanbiedingswyse en as gevolg van 'n veranderde wêreldbeskouing 'n groei-proses ondergaan.

Eksperimente met tyd en ruimte was miskien die belangrikste metode om vernuwing te bewerkstellig en het 'n paar baie interessante dramas tot gevolg gehad. Hier is veral die werk van Smit, Van Niekerk en Small van belang. Brink en Barnard se dramas het klaarblyklik hulle ontstaan te danke aan 'n veranderde kyk op die mens en sy wêreld.

Aan die hand van sewe gekose tekste wat verteenwoordigende of "spreekende" voorbeelde van die aard, omvang en gehalte van hierdie vernuwing is, ondersoek hierdie verhandeling die ontwikkeling of vernuwende tendense.

Die tekste is Bartho Smit se Putsonderwater en Christine, Chris Barnard se Pa, maak vir my 'n vlieër, pa, André P. Brink se Bagasie en Elders mooiweer en warm, Adam Small se Kanna hy kō hystoe en Kwart voor dagbreek van Dolf van Niekerk.

Die benadering tot die dramas is nie chronologies nie, maar berus veral op ooreenkomste tussen die onderskeie tekste wat betref die aard van die vernuwing.

Die bewuswording van tyd en ruimte is in die twintigste eeu op letterkundige en filosofiese gebied merkbaar, o.a. in die werk van Bergson, Proust, Mann en Arthur Miller.

J.I.M. van der Kun se uiteensetting van die handelingsmomente in 'n drama vorm 'n basis vir die bespreking van die tydsprobleem in prosa, poësie en drama wat daarop volg.

Die hantering van tyd in die ouer Afrikaanse drama word nou bespreek en aandag word veral gewy aan die eksposisionele probleme in die dramas van Leipoldt, Fagan en Grosskopf. Hierdie dramas dien as uitgangspunt of "kontrole" om te bepaal wat dit is wat verander het in die nuwe drama. Uit die vergelyking blyk dit dat dit veral die volgorde van aanbieding van feite is wat verskil.

Die nuwe drama eksperimenteer met die vorm van aanbieding en probeer veral eksperimenteer met omsettings of algehele opheffing van die chronologie. Een van die gewildste metodes vir "deurmekaarskommel" van die chronologie blyk die terugflitstegniek te wees. In Afrikaans is daar reeds in 1958 met hierdie tegniek geëksperimenteer, eers deur Henriette Grové en daarna by herhaling deur Bartho Smit.

Smit gebruik uiteindelik die mees verwickelde vorm van die terugflits in Christine (1971). In hierdie drama word die bestaan as tyd ervaar en die "eksperiment" berus hier veral op die simultane aanbieding van verskillende tydsvlakke. Na 'n grondige ondersoek blyk dit dat die hele drama 'n dramatisering van die hoofkarakter se eksistensiële nood en sy bewussynstoestand is. Bartho Smit se literêr-teoretiese artikels word aangehaal ter verduideliking van dié aanbiedingswyse en die skrywer se motivering.

In Kwart voor dagbreek van Dolf van Niekerk word tyd as ruimte op die verhoog afgebaken. Hy gebruik die meer "tradisionele" vorm van die terugflits en die hele opset van die drama is veel eenvoudiger as by Christine. Om die oorgang tussen tye moontlik te maak, gebruik hy tegniese

hulpmiddels soos kruisbeligting en byklanke. In plaas daarvan dat Van Niekerk 'n soort gelyktydigheid bewerkstellig, gebeur byna die teenoorgestelde: die tye word geskei en die breuk tussen hulle onderstreep.

Met Kanna hy kō hystoe gaan Small redelik ver met die opheffing van tyd en ruimte omdat hy sy karakters oor "afstande, jare, drome en die dood heen" laat praat. Hoewel dit dus lyk asof hy die chronologie aan die herbelewenis van die hoofkarakter onderwerp, is dit tog in 'n sekere sin minder verwickeld as in Christine. In Kanna hy kō hystoe word die sentrale karakter se herbelewenis en sy gewetenswroeging gedramatiseer, maar die insidente wat herroep word, is almal reeds in die verlede. 'n Mens kan dus hier praat van 'n ruimtelike aktivering van die verlede.

Die tweede belangrike terrein van vernuwing is die geheel nuwe vorm van karakterbeelding wat uit 'n veranderde wêreldbeskouing voortkom.

Die ouer Afrikaanse drama word weer as uitgangspunt gebruik om die verskille ten opsigte van eksposisie en karakterbeelding te illustreer. Die karakterbeelding by Leipoldt, Fagan, Grosskopf en Krige word met dié van Brink, Barnard en Smit vergelyk. Die gevolgtrekking is dat Brink en Barnard se vreemde "gesiglose" karakters die produk van 'n veranderde wêreldbeskouing is. Hulle dramas is geskoei op die lees van 'n Wes-Europese denkrigting, soos dit veral in die teater van die absurde tot uiting kom. Hierdie denkrigting word kortliks uiteengesit. Ooreenkomste tussen bogenoemde dramaturge se werk en die teater van die absurde word aangedui.

Dit blyk dat Brink se Bagasie en Barnard se Pa, maak vir my 'n vlieër, pa, voorbeelde van hierdie teaterdigting is. Die karakters in hulle dramas is verteenwoordigend van die menslike bestaanskondisie. Ook in Bartho Smit se drama Putsonderwater is die karakterre agente van sekere sektore van die maatskappy. Hierdie dramaturge wil dus 'n lewens-



houding of -filosofie oordra. Dit gaan vir hulle nie om die uitbeelding van werklikheidsgetroue persoonlikhede nie, maar om die oordra van 'n wêreldbeskouing wat sy oorsprong (sover dit die drama betref) by Ionesco, Pinter, Beckett en Adamov gehad het.

Die sewe drama's word in besonderhede ontleed om aan te dui hoe die vernuwing op genoemde twee gebiede verwerklik word en in hoeverre dit dramaties slaag.

**Author** Roets N

**Name of thesis** Die ontwikkeling van die Afrikaanse Drama sedert 1955 1974

***PUBLISHER:***

University of the Witwatersrand, Johannesburg

©2013

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.

**Author** Roets N

**Name of thesis** Die ontwikkeling van die Afrikaanse Drama sedert 1955 1974

***PUBLISHER:***

University of the Witwatersrand, Johannesburg

©2013

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.